

ERKENNING

EEN VAN 'N skrywer se grootste seëninge is die geleentheid om met mense te gesels wat ervare is in areas wat ek self nog nie betree het nie. Ek het baie hulp gehad op die kronkelpad wat ek moes volg terwyl ek hierdie boek geskryf het. Ek wil graag die volgende mense bedank vir hulle inligting en aanmoediging:

Gary LeDonne het sy kennis oor die jeughofsisteem en pleegsorgstelsel met my gedeel.

Heather Aldridge van die Sheriff se kantoor, Sonoma-distrik, se forensiese departement en Christopher Wirowek, adjunkdirekteur van die San Francisco-kantoor vir forensiese patologie, het my vertel van die beleid en praktyke van departementele rekordhouding en hoe om die identiteite van Jane en John Does vas te stel.

Ulla Pomele het vir my die daaglikse skeduleringsinligting vir 'n pleegsorgfasiliteit se programstruktuur en -aktiwiteite gegee.

Debbie Kaupp het vir my 'n lys gegee van die verskillende take wat 'n persoonlike assistent moet verrig.

My broer, Everett King, het my vertel van sy ervaring met "pynlose hartaanvalle", hartchirurgie en die inplanting van 'n defibrillator.

Voormalige bendelid, *tagger* en graffitikunstenaar "Allude" het my van sommige van sy straatavonture en fiasko's in die Bay-area vertel.

My vriendin Carolyn Dunn het my uitgenooi om idees oor my karakters met 'n groep gekwalifiseerde, professionele gesinsberaders te bespreek. Dankie aan Uriah Guilford, Candace Holly, Terri L. Haley, Laurel Marlink Quast, Gary Moline en Rebecca Worsley vir julle insig in die probleme wat getraumatiseerde kinders kan ervaar om 'n band met iemand te vorm, en hoe dit in hulle volwasse lewe tot uiting kan kom. Laurel Quast het ook vir my broodnodige inligting gegee oor die hantering van vroue wat 'n krisisswangenskap beleef en ook rakende kinderplasing.

Ashley Huddleston en Tricia Goyer het hul roerende insigte gedeel oor die psige van getraumatiseerde kinders, asook die worstelinge van pleeg- en aanneemouers wat dié kinders liefhet en hulle wil help genees.

Antanette Reed, die adjunkdirekteur van Kern-distrik se Kinderbeskermingsdienste, het vir my noodsaaklike inligting gegee oor die pleegsorgstelsel.

Toe ek in my storie verdwaal het en nie 'n uitweg kon kry nie, het ek storiedokter Stan Williams gebel. Hy het die regte vrae gevra om my weer terug op koers te kry.

Holly Harder, my dierbare vriendin, het die ongelooflike vermoë om dinge op die internet op te spoor. Wanneer ek in die kuberruim verdwaal of geen detail rakende 'n spesifieke onderwerp kan kry nie, maak ek net 'n noodoproep na Holly en sy kry binne drie minute die presiese inligting wat ek nodig het.

'n Groot dankie aan my Coeur d'Alene-dinkskrumvriende: Brandilyn Collins, Tamera Alexander, Robin Lee Hatcher, Karen Ball, Sharon Dunn, Gayle DeSalles, Tricia Goyer, Sunni Jeffers, Sandy Sheppard en Janet Ulbright – almal ongelooflike vroue van God. Wanneer ek my teen 'n muur vasloop, help hierdie merkwaardige vroue my om daaroor of daardeur te kom.

Colleen Phillips, geesgenoot en sendeling in Chili, was van die begin af deel van hierdie projek. Dankie dat jy na al die weergawes van Roman en Grace se reis "geluister" het en ook omdat jy die eerste een was om die manuskrip te lees, opmerkings te maak en korreksies aan te bring – nie een keer nie, maar twee keer – voordat ek dit gewaag het om dit vir my uitgewer te stuur.

Ek wil ook my briljante agent, Danielle Egan-Miller, bedank vir haar insigte en die lang ure wat sy aan die bestuur van my

Die meesterstuk

skryfloopbaan toewy. Dit is 'n seën om al die ingewikkelde besigheidsdetail aan iemand oor te laat wat ek vertrou sodat ek op my skryfwerk kan fokus.

Dankie ook aan Tyndale-uitgewer Karen Watson wat altyd die regte vrae vra om my kreatiwiteit te laat vloei. Ek is dankbaar vir Cheryl Kerwin, Erin Smith, Shaina Turner en Stephanie Broene wat die grootste gedeelte van my Facebook-outeursbladsy behartig. Robin Lee Hatcher bestuur my webwerf, en my dogter, Shannon Coibion, publiseer my bloginskrywings en help my met inkomende e-posse.

Laastens is ek groot dank verskuldig aan my jare lange redakteur, Kathy Olson, wat my prosesse en verhaal verstaan. Sonder haar kundigheid in die sny, herstrukturering en invoeging van tonele uit vorige weergawes, sou jy nie nou hierdie boek in jou hande gehou het nie.

Seën aan elkeen van julle in wat julle ook al aanpak. Julle elkeen is God se meesterstuk.

7

ROMAN VELASCO KLIM teen die brandtrap op en swaai sy bene oor die muur tot op die platdak. Gebukkend beweeg hy vinnig verder. 'n Ander gebou grens aan die vyfverdiepingwoonstelblok, die perfekte plek vir graffiti. Reg oorkant die straat is 'n gebou waarin 'n bank besigheid doen, en hy het reeds vir hulle iets op die voordeur gelos.

Hy haal sy rugsak af en pak sy toerusting uit. Hy sal vinnig moet werk. Los Angeles slaap nooit nie. Selfs om drieuur die oggend ry 'n klomp karre onder in die straat verby.

Enigiemand wat in 'n oostelike rigting ry, sal hierdie stuk werk van hom sien. Hy sal blootgestel wees totdat hy klaar is, maar met sy swart broek en baadjie met 'n kappie aan, sal dit moeilik wees om hom raak te sien; tensy iemand na hom soek. Tien minute. Dis al wat hy nodig het om 'n hele parade karakters teen die muur te laat dans; almal sal lyk soos die Monopoly-speletjie se sakeman met die pluiskeil op, en die laaste een sal in die rigting van die straat spring. Hy het 'n stensil gemaak van dié karakter wat met 'n hele paar sakke vol geld by die bank oorkant die straat ingaan.

Die papierstensil haak aan iets vas en skeur. Roman vloek sag en plak dit vinnig vas. 'n Rukwind pluk 'n gedeelte van die stensil weg. Dit is 'n lang stensil en neem 'n paar kosbare minute om deeglik vas te sit. Hy gryp 'n kannetjie spuitverf en skud dit. Toe hy die spuitknoppie aan die bokant druk, gebeur niks nie. Hy

vloek weer, gryp 'n ander kannetjie en begin spuit.

'n Voertuig kom nader. Hy kyk af en versteen toe hy 'n polisiekar sien wat spoed verminder. Is dit dieselfde een wat 'n uur tevore hier verbygekom het toe hy op pad was na die bank toe? Hy het doelgerig geloop en gehoop hulle dink hy is net 'n ou wat van sy nagskof af op pad is huis toe. Die kar het stadiger gery, duidelik om hom dop te hou, en toe weggery. Die oomblik toe dit in die straat af verdwyn het, het hy die werk op die bank se glasvoordeur gedoen.

Roman gaan aan met sy werk. Hy het net nog 'n paar minute nodig. Hy hou aan spuitverf.

Remligte gloei helderrooi in die straat. Die polisiekar het voor die bank gestop. 'n Wit ligstraal skyn op die voordeur.

Nog een minuut. Roman spuitverf nog twee hale en begin die stensil dan baie versigtig afhaal. Hy moes meer kleefband as gewoonlik gebruik; dus neem dit hom langer. Die laaste stukkie papier kom los. Hy spuitverf drie ineengestrengelde letters wat soos 'n voël in vlug lyk.

Een polisieman staan nou buite die kar met 'n flits in sy hand.

Roman hurk laag, rol die stensil op en druk dit saam met die kannetjies spuitverf in sy rugsak. Die ligstraal lig hoër en kom nader. Dit skyn reg bo hom toe hy oor die dak begin beweeg. Dan beweeg dit af en weg. Verlig sit Roman die rugsak op sy rug en kom effens orent.

Die lig keer terug en teken sy silhoeët skerp teen die muur af. Hy skiet weg, sy gesig van die ligstraal af weggedraai.

Die ligstraal volg hom terwyl hy oor die dak hardloop. Hy hoor stemme en hardlopende voete. Roman se hart klop wild toe hy tot op die volgende gebou se dak spring. Hy tref dit hard, rol tot op sy voete en hou aan hardloop. Die polisie het waarskynlik 'n lêer oor die Bird se werk. Hy is nie meer 'n tiener wat net gemeenskapsdiens sal moet doen vir die misdaad van bende-tagging teen 'n muur nie. As hulle hom nou vang, sal hy tronk toe gaan.

Nog erger is dat hy die ontluikende reputasie sal vernietig wat hy besig is om as 'n ernstige kunstenaar te verwerf. Graffiti gee vir jou aansien op straat, maar dit help niks in 'n galery nie.

Een polisieman het teruggegaan na die polisiekar toe. Bande skree. Hulle gaan nie opgee nie.

Roman sien 'n paar geboue verder 'n oop venster en besluit om boontoe te gaan in plaas van ondertoe.

'n Kar se deur slaan toe. 'n Man skree. Dit moet 'n stil aand wees as dié twee polisiemanne soveel tyd daaraan toewy om 'n graffitikunstenaar te probeer vang.

Roman spring oor nog 'n dak se rand. 'n Halfleë kannetjie spuitverf val uit sy rugsak uit en ontplof op die sypaadjie onder hom.

Die verskrikte polisieman trek sy pistool uit en rig dit op Roman terwyl hy verder klim. "LAPD! Bly staan waar jy is!"

Roman gryp die lysie vas, trek homself op en klim dan deur die oop woonstelvenster. Hy hou sy asem op. 'n Man snork in die slaapkamer. Roman sluip vorentoe. Hy het skaars twee treë gevorder toe hy teen iets vasloop. Sy oë pas aan by die dowwe lig wat van die kombuistoestelle kom. Die inwoner is waarskynlik 'n opgaarder. Die deurmekaar sitkamer kan dalk net Roman se ondergang beteken. Hy los sy rugsak agter die bank.

Dan maak hy die voordeur saggies oop, loer na buite en luister. Geen beweging, geen stemme nie. Die man in die slaapkamer snork skielik hard en beweeg. Roman glip vinnig na buite en maak die deur agter hom toe. Die deur wat as nooduitgang dien, sit vas. As hy dit oopdwing, sal dit 'n geraas maak. Hy kry die hysbak en sy hart klop al hoe vinniger terwyl dit stadig boontoe kom. *Bieng*. Die deure gaan oop. Roman loop na binne en druk die knoppie vir die ondergrondse parkeergarage.

Bly net kalm. Hy haal die kappie van sy kop af en trek sy hande deur sy hare. Hy trek sy asem diep in en blaas dit stadig uit. Die hysbak se deure gaan oop. Die parkeerterrein in die kelder is helder verlig. Roman hou die deur oop en wag 'n paar sekondes om die omgewing deur te kyk voordat hy uitgaan. Dit lyk veilig. Verlig stap hy na die uitgang toe wat na 'n systraat lei.

Die polisiekar wag langs die sypaadjie. Deure gaan oop en albei polisiemanne klim uit.

Vir 'n oomblik oorweeg Roman dit om vinnig 'n storie uit te dink oor waarom hy drieur die oggend gaan stap, maar hy weet instinktief geen storie gaan hom die boeie spaar nie.

Hy hardloop vinnig in die straat af in die rigting van 'n woonbuurt 'n blok van die hoofstraat af. Die polisiemanne volg hom

soos bloedhonde wat 'n jakkals jag.

Roman hardloop in een van die strate af, oor 'n geplaveide oprit en spring oor 'n muur. Hy dink net hy is veilig toe hy besef hy is nie alleen in die erf nie. 'n Duitse herdershond spring op en begin hom jaag. Roman hardloop oor die erf en spring oor die agterste heining. Die hond tref die heining en krap daarteen terwyl hy verwoed blaf. Roman land hard aan die ander kant en in sy haas om weg te kom stamp hy 'n klomp asblikke om. Nou gaan elke ander hond in die straat tekere. Roman beweeg vinnig, hou hom laag in die skadu's.

Ligte gaan aan. Hy kan stemme hoor.

Dit sal die polisie se spoed breek om mense te ondervra, en hulle sal nie sommer oor heinings spring en eiendom onwettig betree nie. Roman beweeg vinnig en vorder 'n hele paar blokke voordat hy stadiger beweeg om sy asem terug te kry.

Die honde het ophou blaf. Hy hoor 'n kar en glip agter 'n struikheining in. Die polisiekar kruis die volgende straat, maar ry nie stadiger nie. Hulle is op pad terug na Santa Monica-boulevard. Dalk het hy hulle afgeskud. In plaas daarvan om die noodlot verder te tart, wag Roman nog 'n paar minute voordat hy dit tot op die sypaadjie waag.

Dit neem hom 'n uur om terug te kom by sy BMW. Hy glip agter die stuurwiel in en kan nie die versoeking weerstaan om oos te ry en na sy werk te gaan kyk nie.

Die bank se voordeur sal teen die middag skoon wees, maar die stuk werk teen die muur oorkant die straat sal langer hou. Die Bird het die afgelope paar jaar genoeg bekendheid verwerf sodat party gebou-eienaars die graffiti net so los. Hy hoop dit sal met dié een die geval wees. Hy het te veel gewaag vir die werk om binne 'n dag of twee toegeverf en vergeet te word.

Daar is reeds meer verkeer op die hoofweg. Roman is doodmoeg en skakel die lugversorging aan. Koue lug blaas oor hom en hou hom wakker terwyl hy in die Topanga-kloof op ry. Hy voel uitgeput en effens depressief. Hy moet eintlik bly wees ná sy suksesvolle nag, en nie soos 'n ou man voel wat 'n gemakstoel nodig het nie.

Hy verminder spoed en draai in die gruispad af wat na sy huis toe lei. Met die druk van 'n knoppie gaan sy motorhuisdeur oop.

Daar is plek vir nog drie karre groter as sy 740Li. Hy skakel die enjin af en bly vir 'n paar sekondes sit terwyl die motorhuisdeur agter hom toegaan.

Net toe hy uit sy kar wil uitklim, voel hy skielik baie swak. Hy bly vir 'n oomblik doodstil sit en wag dat die vreemde gevoel moet oorwaai. Dit tref hom weer toe hy aanstap agterdeur toe. Hy verloor sy balans en sak op sy een knie neer. Hy stut hom met sy een vuis op die beton en hou sy kop laag.

Dan voel Roman beter en hy staan op. Hy het slaap nodig. Dis al. Een goeie nag se slaap sal hom regruk. Hy maak die agterdeur oop en 'n doodse stilte begroet hom.

Hy trek sy swart sweetpaktop se ritssluiters af en trek dit uit. Stap dan in die gang af na sy slaapkamer toe. Hy is te moeg om te stort, te moeg om die lugversorger koeler te stel, te moeg om te eet, alhoewel sy maag van honger pyn. Hy trek sy klere uit en strek hom op die onopgemaakte bed uit. Dalk sal hy vanaand gelukkig wees en slaap sonder om te droom. Die opwinding wat hy met een van sy nagtelike ekspedisies beleef, betaal hom dikwels terug met nagmerries uit sy dae in die Tenderloin-buurt. White Boy bly nooit lank begrawe nie.

Die son kom helder op. Roman maak sy oë toe, smag na donkerte.



Grace Moore staan vroeg op. Sy weet sy het baie tyd nodig om tot aan die oorkant van die vallei te kom om betyds te wees vir haar eerste dag as 'n tydelike werker. Sy weet nie of die werk genoeg gaan betaal om vir haar en haar seun, Samuel, 'n kleinerige woonstel te kan bekostig nie, maar dit is 'n begin. Hoe langer sy by die Garcias bly, hoe ingewikkelder word dinge.

Selah en Ruben is glad nie haastig dat sy moet trek nie. Selah hoop steeds Grace sal van plan verander en die aannemingsdokumente teken. Grace wil nie vir Selah vals hoop gee nie, maar sy het nêrens anders om heen te gaan nie. Elke dag wat verbygaan, versterk net haar begeerte om weer onafhanklik te wees.

Sedert sy 'n jaar tevore uit haar werk ontslaan is, het sy dosyne CV's gestuur en net 'n paar oproepe vir onderhoude gekry. Nie

een daarvan het op werk uitgeloop nie. Elke werkgewer wil deesdae iemand met tersiêre kwalifikasies hê, en sy het net 'n jaar en 'n half klaargemaak voordat sy haar studies gestaak het om haar man, Patrick, te ondersteun totdat hy gegraduateer het.

Noudat sy terugkyk, wonder sy of Patrick haar ooit liefgehad het. Patrick het elke belofte verbreek wat hy gemaak het. Hy het haar nodig gehad. Hy het haar gebruik. Dis so eenvoudig soos dit.

Haar tannie Elizabeth was reg. Sy was 'n dwaas.

Samuel roer in sy bedjie. Grace tel hom sagkens op, dankbaar dat hy wakker is. Sy sal tyd hê om hom te voed en sy doek te ruil voordat sy hom in Selah se sorg laat. "Goeiemôre, my klein mannetjie." Grace asem sy babareuk in en gaan sit op die rand van die dubbelbed wat sy pas opgemaak het. Sy knoop haar bloes oop en skuif hom reg sodat hy kan drink.

Die omstandighede van sy verwekking en die komplikasies wat hy in haar lewe veroorsaak het, het ophou saak maak die oomblik toe sy hom die eerste keer in haar arms gehou het. Hy was skaars 'n uur oud toe sy geweet het sy sal hom nooit opgee vir aanneming nie, maak nie saak hoeveel beter sy lewe by die Garcias sal wees nie. Sy het dit reguit vir Selah en Ruben gesê, maar dit het elke dag al hoe moeiliker geword namate Selah sy versorging oorgeneem het terwyl Grace na 'n manier gaan soek het om haar en haar seun te onderhou.

Ander doen dit, Here. Hoekom kan ek nie?

Ander het familie. Sy het net vir tannie Elizabeth.

Vader, laat hierdie werk asseblief vir my uitwerk. Help my, Here. Asseblief. Ek weet ek verdien dit nie, maar ek vra U. Ek smeek U.

Sy was dankbaar toe sy die onderhoud en toetse by die personeelagentskap geslaag het en hulle haar op hulle lys vir tydelike werkers geplaas het. Toe het mevrou Sandoval haar oor 'n werksgeleentheid gebel. "Ek het al vir hierdie man vier hoogs gekwalifiseerde mense gestuur, en hy het elkeen laat gaan. Ek dink nie hy weet wat hy nodig het nie. Dit is die enigste werk wat ek jou tans kan aanbied."

Grace sou instem om vir die duiwel self te werk as dit maar net 'n gereelde salaris sou beteken.



Die geluid van klokke ruk Roman uit die donkerte uit. Het hy gedroom hy is in Westminster-abdy? Hy rol om. Sy liggaam het net ontspan toe die klokke weer lui. Iemand druk die deureklokke. Hy wens hy kon die persoon in die hande kry wat dié verdomde sisteem laat insit het. Roman vloek en trek 'n kussing oor sy kop, hoop om die deuntjie uit te doof wat van die een kant van die groot huis tot aan die ander kant gehoor kan word.

Stilte daal oor die huis neer. Die indringer het waarskynlik die boodskap gekry en geloop.

Roman probeer weer aan die slaap raak. Toe die klokke weer begin lui, skree hy van frustrasie en staan op. 'n Vlaag duiseligheid spoel weer oor hom. Hy stamp 'n halfleë bottel water en die wekker om, maar herwin sy balans voordat hy plat op sy gesig op die vloer val. Drie keer in minder as 24 uur. Hy sal dalk voorskryfmedikasie moet kry vir die rus wat hy so nodig het. Nou wil hy egter net sy woede loslaat op die indringer wat sy deureklokke lui.

Roman trek sy sweetpakkbroek aan, tel 'n gekreukelde T-hemp op wat op die vloer lê en loop kaalvoet in die gang af. Wie ook al aan die ander kant van sy voordeur staan, gaan wens hulle het nooit hulle voete op sy eiendom gesit nie. Die klokke begin weer lui net toe hy die deur oopruk. 'n Jong vrou kyk verbaas op en tree dan terug toe hy oor die drumpel tree.

“Kan jy nie lees nie?” Hy wys na 'n bord wat langs die voordeur vasgesit is. “Geen smouse nie!”

Haar bruin oë rek wyd en sy maak 'n verskonende gebaar.

Haar donker krulhare is kort gesny en haar swart baadjie, wit bloes en pêrels spel duidelik dat sy 'n kantoorwerker is. 'n Vae herinnering skiet in sy gedagtes op, maar Roman onderdruk dit. “Maak dat jy wegkom!” Hy gaan in die huis in en slaan die deur toe. Hy het nie ver gevorder nie toe sy liggies aan die deur klop. Hy pluk weer die deur oop en gluur haar aan. “Wat makeer jou?”

Sy lyk bang genoeg om weg te hardloop, maar bly staan. “Ek is hier op u versoek, meneer Velasco.”

Sy versoek? “Asof ek so vroeg in die oggend 'n vrou op my drumpel wil hê.”

“Mevrou Sandoval het gesê negeuur. Ek is Grace Moore. Van die personeelagentskap.”

Hy spoeg ’n vloekwoord uit. Sy knip haar oë en haar wange word rooi. Sy woede verdwyn soos mis voor die son. *Wonderlik. Dis nou wonderlik.* “Ek het vergeet jy kom.”

Dit lyk of sy op enige ander plek as hier wil wees; nie dat hy haar kan kwalik neem nie. Hy oorweeg dit om vir haar te sê om môre terug te kom, maar hy weet sy sal nie. Hy is in elk geval nou op. Hy kan netsowel wakker bly. Hy beduie met sy kop en laat die deur oopswaai. “Kom in.”

Hy is die afgelope maand deur vier werkers. Mevrou Sandoval is besig om haar geduld vinniger as hy te verloor. “Ek sal vir jou nog net een stuur, meneer Velasco, en as dit nie uitwerk nie, sal ek vir jou my kompetisie se nommer gee.”

Hy is op soek na iemand om oproepe te maak en die alledaagse take van korrespondensie, rekeninge en sy program te hanteer. Hy wil nie ’n drilsersant, ’n oujongnoui of ’n amateur sielkundige hê om sy kunstenaar-psige te analiseer nie. Hy het ook nie ’n blondine met kurwes en ’n lae hals nodig wat papiere rondskuif, maar nie ’n idee het waar sy dit moet liasseer nie. Sy het idees gehad oor wat ’n kunstenaar dalk wil hê, buiten vir ’n vrou met administratiewe vaardighede. Hy sou dalk haar aanbod aanvaar het as hy nie genoeg ervaring gehad het met vroue soos sy nie. Sy het net drie dae vir hom gewerk.

Roman hoor geen voetstappe agter hom nie; hy gaan staan en kyk om. Die jong vrou staan steeds buite. “Waarvoor wag jy? ’n Uitnodiging in goud omraam?”

Sy kom binne en maak die deur sag agter haar toe. Dit lyk of sy enige oomblik gaan weghardloop.

Hy glimlag verskonend. “Lang nag.”

Sy mompel iets wat hy nie kan uitmaak nie, en hy besluit om haar nie te vra om dit te herhaal nie. Hy voel ’n dreigende hoofpyn, en die geluid van haar hoëhakskoene op die klipteëlvloer help nie juis nie. Hy is dors en het kaffeïen nodig. Hy loop na die kombuis toe wat reg langs die sitkamer is. Sy steek op die rand van sy versonke sitkamer vas en staar na die katedraalagtige plafon en die muur van glas met ’n uitsig oor die Topanga-kloof. Sonlig stroom deur die vensters na binne en herinner hom daar-

aan dat die meeste mense teen hierdie tyd nou al by die werk is.

Roman maak die vlekvrystaal-yskas oop en haal 'n bottel lemoensap uit. Hy skroef die prop af, drink uit die bottel uit en laat dit dan sak. "Wat het jy gesê is jou naam?"

"Grace Moore."

Sy lyk reg vir die werk: koel, kalm en selfbeheers. Mooi, middel-twintigs, slank en fiks, maar nie sy tipe nie. Hy hou van blondines met kurwes wat weet hoe sake staan.

Sy kan aanvoel dat hy haar opsom en sy kyk na hom. Vroue doen dit gewoonlik, maar nie met haar behoedsame uitdrukking nie. "Jy het 'n pragtige uitsig, meneer Velasco."

"Ja, wel, alles raak uiteindelik afgesaag." Hy sit die bottel lemoensap op die toonbank neer. Sy lyk ongemaklik. Dis verstaanbaar as 'n mens sy onvriendelike verwelkoming in ag neem. Hy glimlag effens. Sy bly uitdrukkingloos na hom kyk. Goed so. Hy het 'n werkerby nodig, nie 'n meisie nie. Sal sy beledig voel deur sy eerste versoek?

"Weet jy hoe om koffie te maak?"

Sy kyk na die outomatiese koffie-en-espresso-masjien wat met net die druk van 'n knoppie in minder as sestig sekondes kofiebone maal, melk verhit en 'n *latte* maak.

"Nie 'n koppie nie. 'n Pot vol regte koffie." Hy laat die kombuis aan haar oor. "Gebruik die gewone perkoleerder."

"Hou jy daarvan sterk of flou?"

"Sterk." Hy loop in die gang af. "Ons sal verder gesels as ek klaar gestort het."

Roman loop by sy stort in wat groot genoeg is vir drie mense. Hy smeer homself seep en maak dan die systrale saam met die boonste stortkop oop. As hy nie so 'n slegte eerste indruk gemaak het nie, sou hy haar laat wag het terwyl hy vir twintig minute 'n watermassering geniet. Hy draai die kraan toe, loop uit die stort uit, skop 'n klomp vuil handdoeke uit die pad uit en vat die laaste skoon handdoek wat op die rak lê. Die wasgoedmandjie is oorvol. Daar is een skoon jean in sy laaikas. Hy trek 'n swart T-hemp oor sy kop en soek na skoene. Hy kry die paar tekkies wat hy die vorige aand aangehad het. Daar is geen skoon sokkies in die laai nie.

Die koffie ruik heerlik. Sy is besig om die skottelgoedwatter te

herrangskik. "Ek het nie gesê jy moet die kombuis opruim nie."

Sy kom regop. "Verkies jy dat ek dit nie doen nie?"

"Gaan voort."

Sy maak die onderste kaste oop en staan dan weer regop, lyk verbaas. "Waar bêre jy jou skottelgoedseep?"

"Dis op."

"Het jy 'n inkopielysie?"

"Jy is die persoonlike assistent. Begin een." Sy het reeds die granietblad skoongemaak. Dit het laas so geblink toe hy hier ingetrek het. "Waar is die lemoensap?"

"Jy het gesê jy wil koffie hê." Sy gooi 'n beker vol en sit dit voor hom neer. "As jy melk of suiker wil hê, moet jy vir my verduidelik waar jy dit wegsteek."

Geen sarkasme nie. Hy hou van haar huiwerige glimlag. "Ek drink dit swart." Hy vat 'n slukkie. Sy slaag die eerste toets. "Nie te sleg nie." Beter as Starbucks s'n, maar hy wil nie te gou komplimente uitdeel nie. Die werk behels meer as om koffie te maak – baie meer. Hy hoop sy sal meer insiklik wees vir 'n verskeidenheid pligte as die ander wat mevrou Sandoval gestuur het. Een het vir hom gesê hy kan sy eie koffie maak.

"Kom ek wys jou waar jy gaan werk." Hy lei haar na die oostelike vleuel toe en maak 'n deur oop. "Spesiaal net vir jou." Hy hoef nie na binne te kyk om te weet wat op haar wag nie.

Die ander dames het almal iets daaroor te sê gehad, maar nie een van hulle kon bepaal waar en hoe om te begin nie. Sal hierdie jong vrou dit kan doen?

Grace Moore bly vir 'n paar sekondes doodstil staan en loop dan versigtig verby hom. Sy vind 'n pad tot in die middel van die vertrek en kyk om haar na die stapels papier. Die kaste se deure is oop en vol kartonbokse; die meeste het nie etikette om te wys wat daarin is nie.

Roman oorweeg dit om te loop, maar hy weet die onvermydelike vrae sal volg. "Dink jy jy kan orde na my chaos bring?" Sy bly so lank stil dat hy ongemaklik raak. "Gaan jy nie iets sê nie?"

"Dit gaan langer as 'n week neem om dit alles te organiseer."

"Ek het nooit gesê dit moet in 'n week gedoen word nie."

Sy kyk na hom. "Dit is die langste wat jy dit nog met 'n persoonlike assistent uitgehou het, of hoe?"

Die personeelagent moes haar gewaarsku het. “Ja. Dis seker reg. Die laaste een het ná drie dae geloop, maar sy het gedink al wat ’n kunstenaar nodig het, is ’n naakte model.”

Grace Moore bloos bloedrooi. “Ek doen nie modelwerk nie.”

“Geen probleem nie.” Roman kyk vlugtig na haar en leun dan teen die kosyn. “Dis nie waarna ek op soek is nie.” Sy lyk weer senuweeagtig. Hy wil nie hierdie een afskrik nie. “Ek het iemand nodig wat ingestel is op detail.”

“Is daar ’n spesifieke manier waarop jy jou” – sy beduie na die deurmekaarspul – “inligting sorteer wil hê?”

“As ek een gehad het, sou die plek nie so ’n gemors gewees het nie.”

Sy frons effens terwyl sy deur die vertrek kyk. “Ek sou dink dit moet ’n sisteem wees wat maklik is om in stand te hou.”

“As daar so iets bestaan. Dink jy jy kan dit doen?”

“Ek weet nie, maar ek sal graag wil probeer. Ek sal ’n beter idee hê van wat jy nodig het nadat ek deur alles gegaan het.”

Roman ontspaan. Sy is op die man af en eerlik. Hy hou daarvan. Hy kry die gevoel dat hierdie jong vrou presies sal weet wat om te doen en hoe om dit vinnig gedoen te kry. Hoe gouer, hoe beter. “Dan los ek jou eers op jou eie.” Hy drink sy koffie klaar. “Jy hou dalk langer as die ander.” Hy gee vir haar wat hy hoop ’n be- moedigende glimlag is en loop dan in die gang af.

Sy kom uit die vertrek uit. “Meneer Velasco, ons moet oor ’n paar noodsaaklikhede gesels.”

Hy gaan staan en hoop nie iets gaan nou sy gevoel van ver- ligting deurmekaarkrap nie. “Noodsaaklikhede?”

“’n Lessenaar en stoel, om mee te begin. Liasseerkabinette, ’n telefoon en al die ander toerusting vir enige normale kantoor.”

Hy het gesê detail is belangrik. “Ek is ’n kunstenaar, vir inge- val jy nie weet nie. Ek doen nie normaal nie. En dit is ’n spul goed waarvoor jy op jou eerste dag by die werk vra.”

“Ek kan nie vir agt ure per dag, vyf dae ’n week op ’n opvou- stoel sit nie, en ek sal meer as ’n speeltafel nodig hê om op te werk. Daar is skaars ’n oop spasie op die vloer.” Sy kyk terug na die vertrek. “Is daar ’n telefoon hier iewers?”

“Ja. En ’n rekenaar, tensy die vorige dame dit saam met haar gevat het.”

“Ek sal dit kry.”

“Het jy dit alles regtig nodig?”

“Ja, as jy wil hê jou dokumente moet behoorlik geliasseer word en nie in lendelam kartonbokse gedruk of opmekaargestapel wees soos ’n bewer se dam nie.”

Dinge lyk nie meer so goed soos oomblikke tevore nie. “Daar is kontrakte, sketse, briewe oor navrae, die goeters van my besigheid.” As Roman nie geweet het die personeelagent sal die telefoon in sy oor neersit nie, het hy nou vir Grace Moore gesê waar sy haar lys noodsaaklikhede kan indruk. Ongelukkig weet hy wat mevrou Sandoval sal doen. Hy sal terug wees by die begin in hierdie eindelose soektog na ’n assistent wat bereid en in staat is om die werk te doen. Talia Reisner het hom die idee gegee om iemand aan te stel wat kan omsien na wat sy “die alledaagse kleinighede van die lewe” noem sodat hy op sy kuns kan fokus.

Grace Moore bly doodstil staan en bied geen verskoning aan nie. Het hy die reg om een van haar te verwag?

“Kry wat jy nodig het.”

“Waar koop jy jou kantoorbenodigdhede?”

“Nêrens nie.” Hy lig die beker op en besef hy het reeds die koffie opgedrink. “Kry die rekenaar en maak ’n plan.” Hy het nog ’n koppie koffie nodig voordat hy enigiets anders kan doen.

“En jy sal ... ?”

“In my ateljee wees.”

“Wat waar is?”

“In die ander gang af, met die trap op aan die regterkant.” Hy kyk terug na haar. “Neem jouself op ’n toer deur die huis sodat jy ’n idee kan kry van waar alles is.” Hy los haar alleen in die gang. Nadat hy die warmfles van die koffiemaker af opgetel het, gaan hy na sy ateljee toe.

Vir twee ure sien of hoor Roman niks van sy assistent nie. Sy klop liggies aan die deur se raam en wag vir sy toestemming om in te kom. Sy het die skootrekenaar gekry. “Ek het die lys en pryse. As jy ’n kredietkaart het, kan ek die bestelling plaas en kan alles teen môremiddag afgelewer wees.”

“Kom ons kry dit agter die rug.” Hy gooi sy potlood neer en steek sy hand in sy agtersak, maar dis leeg. Hy mompel ’n vloekwoord. “Bly waar jy is. Ek is nou terug.” Sy beursie is nie in of

op die laaikas of sy bedkassie nie. Hy soek woedend deur sy vuil wasgoed, deursoek al die sakke totdat hy onthou dat hy dit die vorige aand in sy kar se rommelkassie gelos het. Hy vloek kliphard en loop uit om dit te gaan haal.

Grace Moore staan presies waar hy haar gelos het. Sy hou die skootrekenaar na hom toe uit in plaas daarvan om die kredietkaart by hom te vat. "As jy alles goedkeur wat ek gelys het, kan jy jou kredietkaartbesonderhede invoeg."

"Jy kan dit doen!"

Sy deins terug en blaas haar asem sag uit. "Dis jou finansiële inligting."

"Wat jy binnekort sal weet as jy jou werk doen." Hy vat die skootrekenaar by haar. Toe hy die totaal sien, vloek hy weer. Sy loop na die deur toe. "Waarheen gaan jy?"

"Ek is jammer. Ek kan nie vir jou werk nie." Sy klink verskonend, maar vasbeslote.

"Wag 'n bietjie!" Hy sit die rekenaar op sy sketstafel neer en volg haar.

Sy gaan vinnig met die trap af.

"Nie so haastig nie!" Hy volg haar na die kantoor toe waar sy haar handsak optel en die band oor haar skouer sit. Sy is bleek, haar oë donker toe sy na hom kyk. Het hy haar so erg laat skrik?

Sy gee 'n tree vorentoe, haar hand styf om die handsak se band gevou. "Gee pad, asseblief."

Roman sien sy het reeds 'n werkspasie op die tafel skoongemaak en papiere staan in netjiese hopies. Hy wil nie hê hierdie vrou moet gaan nie. "Gee my net 'n rede waarom jy nou reeds opgee."

"Ek kan vir jou 'n hele lys gee."

"Kyk." Hy lig sy hande op. "Jy vang my op 'n slegte dag."

"Mevrou Sandoval het gesê jy het nie goeie dae nie." Sy trek haar asem bewend in en kyk hom vas in die oë.

Sy is duidelik spyt dat sy so gou gepraat het, maar hy kan nie met haar stry nie. "Ja, wel, die mense wat sy gestuur het, het nie goed by my gepas nie. Die hele proses is frustrerend, om die minste te sê."

"Dis nie my skuld nie, meneer Velasco."

"Ek het nie gesê dit is nie."

Sy gee 'n tree agteruit. "Ek probeer jou nie kwaad maak nie."

Is dit die rede? "Ek is nie kwaad vir jou nie. Ek is net ... " Hy vloek weer sag. "Ek weet nie wat ek wil hê nie, maar ek dink jy is wat ek nodig het."

Sy kom waarskynlik uit 'n goeie en netjiese agtergrond. Twee ouers, mooi huis in 'n goeie buurt, privaat skool, kollege. Ek-sieperfeksie. Hy het niks gesê wat sy nie in 'n inkopiesentrum sal hoor nie, maar sy ervaar dit duidelik as beledigend. Hy sal versigtiger moet wees as hy Grace Moore wil behou. "Jy sal hierbinne werk. Ek sal in my ateljee wees. Ons sal nie soveel tyd in mekaar se geselskap deurbring nie."

"'n Persoonlike assistent moet nou saam met haar baas werk. Dit is die aard van die werk."

"*Persoonlik* is 'n gelaaide woord." Hy glimlag skalks. Toe hy sien dat dit nie goed afgaan nie, besluit hy om nie enige verdere sinspelings te maak nie. "Dalk moet ek jou iets anders noem."

"Jy kan my juffrou Moore noem."

Sy gee 'n bietjie toe, maar stel steeds grense. Nou goed. Hy sal dit respekteer. "Dan is dit juffrou Moore." Hy kan eerbiedig wees ... wanneer die situasie dit vereis. Sy frons, kyk stip na hom asof hy 'n insek onder 'n vergrootglas is. "Gee my minstens twee weke voordat jy bedank."

Haar skouers sak effens. "Twee weke." Sy laat dit soos 'n leef-tyd klink, maar laat tog haar handsak se band van haar skouer af gly. "Moet my asseblief nie weer vloek nie."

"As ek vloek, is dit nie op jou gerig nie. Ek sal versigtig probeer wees wanneer jy in die omtrek is. Goed so?" Hy hou sy hand uit. Sy byt op haar lip voordat sy op die gebaar reageer. Haar hand is koud en bewe liggies voordat sy dit terugtrek.

"Ek moet aan die werk spring."

Hy vang die skimp. As sy so bekwaam is as wat sy lyk, kan dinge hierdie keer dalk net uitwerk. Hy besef hy is nuuskierig. "Waarom 'n agentskap vir tydelike werkers?"

"Dis al wat ek kon kry." Sy bloos.

Hy voel hoe die skaal effens na sy kant toe swaai. "Dis goed om te weet jy het hierdie werk net so nodig as wat ek 'n assistent nodig het." Sy sê niks nie. Hy kantel sy kop en kyk na haar. "Waar het jy gewerk voordat jy by die agentskap aangesluit het?"

“'n Openbare betrekkinge-firma.”

“En jy is daar weg omdat ... ”

“Ek was oorbodig, soos sommige mense dit sal noem.” Sy kyk na hom. “Ek het 'n getuigskrif as jy dit wil sien.”

“Ek is seker mevrou Sandoval het daarna gekyk.”

Sy trek haar asem diep in. “Ek het hierdie werk nodig, meneer Velasco, maar ek is seker jy verstaan dat ek op soek is na iets beter as net 'n tydelike werk. Ek sal my beste gee terwyl ek hier is.” Sy trek haar skouers op, asof sy nie juis hoop het dat haar beste goed genoeg sal wees nie. “Jy verskil baie van my vorige baas.”

“'n Filistyn?” Sy bloos weer. Hy kan nie onthou dat hy al ooit 'n meisie ontmoet het wat bloos nie, wat nog te sê drie keer in 'n paar ure.

“Hy was 'n ware heer.”

Wat beteken Roman is nie. Hy het geleer om die rol te speel wanneer dit nodig is. “Hoekom werk jy nie meer vir hom nie?”

“Hy het afgetree en sy besigheid aan 'n ander firma oorgegee. Hulle het reeds genoeg personeel gehad.”

Roman bekyk haar weer. Hy is nie so seker of hy van enigiemand hou wat reëls in sy huis maak nie, maar aan die ander kant het dié een meer in twee ure gedoen as wat die ander vier gesamentlik kon uitrig. En hy hou van haar. Hy weet nie hoekom nie. Dalk is dit die feit dat sy hoegenaamd nie in hom belangstel nie. Dit kan lekker wees om iemand te hê wat die werk doen en nie te veel vrae vra nie.

“So, is ons oukei?”

“Vir twee weke.”

Hy lag sag. “Nou goed. Ons albei het werk om te doen. Kom ons handel daardie bestelling af sodat jy met joune kan begin.”